Kinders wat bid: Bid met jou liggaam

Het jy geweet dat jy Jesus kan aanbid met jou liggaam sowel as met jou hart en jou gees? Jesus het vir jou jou liggaam gegee en Hy hou daarvan as jy Hom ook met jou liggaam aanbid. Daar is baie verskillende posisies wat jy in gebed kan inneem en die Bybel is vol daarvan! Elke een daarvan is 'n manier om vir Jesus te wys wat in jou hart is deur bv. dit fisies voor te stel. Die volgende is slegs wenke en inligting oor hoe mense in die Bybel soms gemaak het wanneer hulle bid.

Maandag: Kniel is 'n manier om vir Jesus te wys jy kom in Sy teenwoordigheid in en jy aanvaar dat Hy jou gebed sal antwoord soos dit die beste vir jou is. Dit is 'n fisiese manier om jou voor Jesus te verneder. *Jy kan kniel as jy 'n groot gebedsversoek het wat jy na die Here toe wil bring. Maar jy kan ook altyd kniel om jou respek vir Hom te wys!*

Dinsdag: Staan wys dat jy op Hom wag om vir jou te sê wat om te doen. Jy neem jou posisie voor Hom in gebed in en wag op Hom*. Jy kan vir Hom raad vra oor 'n probleem waarmee jy worstel en dan wag om te hoor wat Hy vir jou wil sê.*

Woensdag: Hande ophef wys vir Jesus dat jy na Hom toe uitreik in aanbidding om Hom te verheerlik, of om vir Hom iets te vra met jou arms wyd oop om dit te ontvang. *Jy kan 'n lied wat jy ken vir Hom sing om vir Hom te sê hoe lief jy Hom het.*

Donderdag: Loop wys vir Jesus dat jy gereed is vir Sy leiding of planne. *Jy kan bv. vir die skool bid elke keer as jy by die skoolhek instap.*

Vrydag: Buig wys vir Jesus dat jy Hom wil eer en dat jy nederig voel omdat Hy so wonderlik en magtig is en in jou behoeftes voorsien. *Jy kan dit doen wanneer jy vir Jesus dankie wil sê omdat Hy een van jou gebedsversoeke beantwoord het.*

Naweek: Plat op jou gesig wys vir Jesus dat Hy so wonderlik is en dat jy oorweldig is deur Sy liefde vir jou. Elke keer wanneer iemand oorweldig was deur die teenwoordigheid van Jesus het hulle op hulle gesigte geval. *Jy kan dit doen nadat jy jou stiltetyd of gebedstyd gehad het. As jy lê hoef jy niks anders te doen as om aan Jesus se grootheid in jou lewe te dink nie.*